

28 Julie

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14

Fokusgedeelte: Openbaring 5:5-7

Veilig in die hand van die Leeu-Lam

God sit op sy troon (Openb 4) ... Hy regeer! In sy regterhand is die boekrol wat die verloop van die wêreldgeskiedenis bevat. Maar ... dis toegesluit! Wie kan dit oopmaak? Wie is bevoeg om te regeer, die wêreldgeskiedenis te laat ontvou? Niemand kom na vore nie. Jy wil net huil ... die mens se gebrokenheid laat die geskiedenis in 'n doodloopstraat ...

Maar ... Johannes kry 'n tikkie op die skouer. Kyk, sê die ouderling, kyk na die Leeu uit die stam van Juda. Hý is bevoeg, want Hy het oorwin! Johannes kyk. Wat sien hy? 'n Geslagte Lam! Kan dit regtig? Kan Hý die boekrol ontvang?

Ja, Hy kan! Want God werk nie met 'n magtige heerser nie, maar wel met 'n brose Lam! God se geskiedenis, ons lewe, lê nie in 'n sterk hand wat sy mag misbruik nie, maar wel in die Hand met gate in, spykergate (Joh 20:24-27).

Hoe groot is die Here se genade tog nie! Ons geskiedenis, ons lewe, is veilig in die hand van die Goddelike, almagtige, heilige Leeu ... maar ook in die hand van die brose Lam wat verag is (Jes 53), wat sagkens roep: Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee (Matt 11:28), wat sagmoedig aan die kruis bid: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie (Luk 23:34).

Wat anders wil ons doen as om te kniel ... en te jubel ... en te bid?

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 4, 5

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)